

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 3 PROKUREURSPRAKTYK

16 MAART 2022

09:00-11:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 ure volg daarna.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druij dus hierdie eksamen.

DEEL A

VRAAG 1

[84]

U kliënt mnr. A, 'n plaaslike vooraanstaande sakeman, wie in die kruideniersware besigheid aktief is, wil 'n kruideniersware winkel wat tans 'n bestaande vooruitstrewende besigheid in Gauteng is, aankoop, vanaf mnr. B. Die winkel bedryf alreeds besigheid vir die afgelope tien jaar en is 'n geregistreerde handelaar vir die doeleindes van Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW).

Mnr. A, het verskeie tipes besighede oorweeg, en is deur sy boekhouer geadviseer om 'n maatskappy op die been te bring wat as koper sal dien vir die kruideniersware winkel. Mnr. A en sy vrou, met wie hy buite gemeenskap van goedere getroud is, sal die enigste aandeelhouders en direkteure van die bovermelde maatskappy wees.

1. Noem die verskillende tipes maatskappye wat gevorm en geïnkorporeer kan word in terme van die Maatskappy Wet 71 van 2008. (5)
2. Watter tipe maatskappy sal u mnr. A adviseer om te inkorporeer vir sy nuwe sakeonderneming? (2)
3. Artikel 76 van die Maatskappy Wet 71 van 2008 (soos gewysig) spreek die standaard van die gedrag van direkteure aan soos verwag deur wetgewing, en brei hierdie verwagte standaard uit ver bo slegs die gemeenregtelike plig van direkteure in maatskappye. Noem (4) vier omstandighede waaronder direkteure verplig is om hierdie standaard van gedrag uit te voer. Moet nie voorbeelde gee nie. (4)
4. Stel die klousule op in die verkoop van 'n besigheidskontrak tussen mnr. A se maatskappy en die koper van die kruideniersware winkel, wat met BTW handel. Aanvaar dat beide partye BTW geregistreerde handelaars is, en dat die besigheid verkoop word as 'n lopende saak. (5)
5. Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) handel met die oorplasing van 'n besigheid as 'n lopende saak en wysig sekere gemeenregtelike wetsaspekte. Wat, kortliks gesproke, is die effek van Artikel 197 van die WAV op die partye tot die kontrak, insluitende die werknemers van die maatskappy? (5)
6. Mnr. A wil seker maak dat hy in staat is om die kompeterende effek in die kruideniersware mark te beperk. Derhalwe versoek hy u om hom te adviseer op welke wyse hy die verkope kan beperk in die handeldryf van 'n soortgelyke besigheid in kompetisie met homself, in die verkoop van die besigheidskontrak self. Stel 'n klousule op, met 'n tersaaklike opskrif, om mnr. A se bekommernis aan te spreek. (5)
7. Mnr. A is deur 'n vriend van hom in kennis gestel dat as die verkoop van die besigheid nie geadverteer word nie, dit negatiewe regsimplikasies kan mee bring op die geldigheid van die verkoop van die besigheid.

Verduidelik die volgende aan mnr. A:

7.1 Die vereistes vir die advertensie. (5)

7.2 Die redes vir die advertensie. (4)

- 7.3 Wat is die bepaling in 7.2 se voorkomende intensie met betrekking tot wat die koper en verkoper doen? (2)
- 7.4 Die effek as die verkoop van die besigheid nie geadverteer word nie, spesifiek met betrekking tot die koper. (2)
- 7.5 Die effek van die advertering van die verkoop van die besigheid. (3)
8. Stel die kennisgewing op wat gepubliseer moet word betrekkende vraag 7 hierbo. (5)
9. Mnr. A neem kennis van die feit dat u min meubels in u kantoor het, en op sy navraag stel u hom in kennis dat u 'n kontantvloeiprobleem het, en derhalwe nie tans meer meubels kan aankoop nie. Mnr. A bied aan om vir u geld te leen vir die aankoop van kantoor meubels. U wil graag die geld by hom leen.
- 9.1 Sal u die geld by mnr. A leen? (1)
- 9.2 Bespreek hoe u die aanbod sal hanteer. (4)
10. Mnr. A het, soos bo geadviseer deur u, die besigheid suksesvol oorgeneem, en 'n paar maande later konsulteer hy weer met u. Daar is sommige debiteure wat nie vir die kruideniersware deur hulle aangekoop, betaal nie. Hy bring vir u 'n lys van gelde verskuldig en betaalbaar van verskeie debiteure, en gee instruksie aan u om op te tree teen hulle by wyse van die uitreiking van dagvaardings.

Aangeleentheid 1

- 10.1 U merk op dat daar 'n skuld is wat verjaar het. U verduidelik hierdie toedrag van sake aan mnr. A, aangesien u van die opinie is dat die eis nie sal slaag nie, maar hy dring daarop aan dat u moet voortgaan en 'n dagvaarding uitreik. Mag u 'n dagvaarding uitreik? Hoe sal u die aangeleentheid verduidelik aan u kliënt, mnr. A? (3)

Aangeleentheid 2

- 10.2 Op een van die ander invorderings, gaan u voort met 'n applikasie vir 'n summiere vonnis. U het ter ondersteuning van die applikasie 'n beëdigde verklaring opgestel. Geen ander Kommissaris van Ede is beskikbaar nie, behalwe vir 'n vennoot van u regsfirma. Mag hy/sy die eed administreer? (3)
- 10.3 Sal die situasie anders wees as dit 'n aktebesorgings-aangeleentheid was? Verduidelik. (2)

Aangeleentheid 3

- 10.4 U het voortgegaan met die uitreiking van dagvaardings, en die debiteure, mnr. en mev. X, wie getroud is binne gemeenskap van goedere, bied aan om hulle skuld ten bedrae van R200 000,00, in gelyke maandelikse paaiemente oor 'n periode van 20 maande af te betaal. Mnr. A aanvaar die offer en gee u instruksies om die tersaaklike volledige dokument op te stel, ter beskerming van sy belange. U kan die Algemene Terme (Common Terms) uitlaat. (24)

DEEL B

VRAAG 1

[16]

Mnr. A en mev. A is getroud buite gemeenskap van goedere. Mev. A het kantoor meubels geërf vanaf haar afgesterwe vader se bestorwe boedel. Die meubels is tans in haar man se besit, aangesien hy dit in sy kantoor gebruik. Mnr. A se besigheid, 'n eenmansaak, is hard getref deur 'n pandemie en hy staan verskeie eise in die gesig vanaf sy krediteure.

1. Mev. A konsulteer met u en wil graag weet wat die effek sal wees op haar eiendom as mnr. A gesekwestreer word. Adviseer haar ten volle op die potensiële risikos asook wat sy sal moet doen om haar belange te beskerm en haar regte af te dwing, in die geval waar mnr. A gesekwestreer word. (10)
2. Dit wil voorkom asof mnr. A nie in staat was om sy betalingsverpligtinge met sy krediteure na te kom nie, en is later gesekwestreer. U, as mev. A se prokureur, gee instruksies aan 'n Advokaat om namens haar, haar eis te bewys, soos per u advies aan haar, onder 1. soos bovermeld. U het reëlings getref vir 'n konsultasie tussen u kliënt, mev. A, die Advokaat en uself, maar ontdek daarna dat u nie die konsultasie sal kan bywoon nie. Mag die konsultasie sonder u plaasvind? (5)
3. Mag u, u fooie met die Advokaat in die bovermelde omstandighede onder 2. deel? (1)

- DIE EINDE -
